DIT GAAN OOR DIE SLAGOFFERS VAN GGG!

Die wetsontwerp op die Ondersteuning vir Slagoffers is die reaksie van die regering op GGG (Geslagsgebaseerde Geweld & Vrouemoord)

Waarom ons die wetsontwerp nodig het ...

social development
Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDA National Development Agency

sassa SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

2030 NDP

STAY SAFE PROTECT SOUTH AFRICA
TOGETHER WE CAN BEAT THE CORONAVIRUS

SLAGOFFERS VAN GGG LY STEEDS ONDER DISKRIMINASIE

Die bestaande handves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika * plaas die regte vir slagoffers van misdaad in die middelpunt van die strafregstelsel om hulle dieselfde regte te gee as beskuldigdes of gearresteerdes.



- **Maar slagoffers van GGG ly steeds onder diskriminasie** tydens en na die regsproses; hierdie diskriminasie kan voorkom dat hulle gelyke regte vir toegang tot reg en ondersteuning het.
- WANNEER DIT GEBEUR, WORD DIT **SEKONDÊRE VIKTIMISERING GENOEM.**

Lees meer oor sekondêre viktimisering ...

*Sien die Handves vir Misdadigers in Suid-Afrika hier: https://www.justice.gov.za/VC/docs/vc/vc-eng.pdf

HOE GEBEUR SEKONDêRE GGG VIKTIMISERING

Sekondêre viktimisering vind plaas nadat iemand die slagoffer van GGG was. Dit kan byvoorbeeld gebeur tydens die aanmelding van die misdaad, indien die slagoffer:



- **Nie geglo word nie**
- **Geblameer word**
- **Nie met respek behandel word nie**
- **Moet wag**
- **Behandel word asof die saak onbelangrik is**
- **Gevra word om herhaaldelik te vertel wat gebeur het**
- **Nie ondersteuningsdienste aangebied word nie**

Dit beteken dat...

DIE BALANS VERKEERD IS!

Baie slagoffers van GGG ervaar huidiglik dat die STRAFREGLIKHEIDSTELSEL:

MEER op die regte van gearresteerde of beskuldigde persone fokus

Ondersteuningsdienste aan hulle voorsien, insluitend toegang tot regsverteenwoordiging

NIE slagoffers se regte hanteer nie

NIE ondersteuningsdienste of beskerming aan hulle bied nie, asook nie ondersteuning vir toegang tot regsverteenwoordiging nie

Slagoffers NIE voldoende beskerm teen SEKONDêRE VIKTIMISERING nie

Hoe om die balans te herstel...

DIE OVS WETSONTWERP STEL VOOR OM DIE VOLGENDE WETTIGLIK TE WAARBORG:

Die beskerming van slagoffers

Die voorsiening van regsverteenwoordiging vir slagoffers

Die staat sal die regskoste dra as slagoffers die oortreder vir skadevergoeding wil dagvaar

Die verskaffing van verskillende dienste vir slagofferondersteuning - dit sluit in hulp tydens die regsproses, sowel as psigososiale ondersteuning en skuiling, sodat slagoffers beskerm word teen sekondêre viktimisering in hul gemeenskappe.

Werknemers van ondersteuningsdiens fasiliteite sal op grond van die Kinderbeskermingsregister (KBR) en die Nasionale Register vir Seks-oortreders (NRSO) gekeur word

'n Omvattende strategie...

DIE WETSONTWERP VORM DEEL VAN ‘n OMVATTENDE STRATEGIE VIR DIE HANTERING VAN GGG

- Die OVS Wetsontwerp sal ondersteun word deur ander regeringstrategieë, insluitend die Nasionale Strategieplan vir GGG en vroumoord (NSP vir GGG)
- Dit sal deur die vier pilare van die NSP vir GGG gedryf word: Reaksie, Sorg, Ondersteuning, Genesing
- Die OVS Wetsontwerp is ook in lyn met die doelstellings van die Handves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika en dit sal help om die volledige implementering daarvan te verseker tot voordeel van almal wat die beskerming daarvan benodig.
- Dit vorm deel van die Regering se wetgewende raamwerk om misdaad te bekamp; veral geslagsgebaseerde en geweldsmisdade

Volgende stappe...

OM DIE WETSONTWERP IN DIE PARLEMENT GOED TE KEUR

Die OVS Wetsontwerp is gepubliseer in die Staatskoerant as deel van die proses om dit in die parlement goed te keur om dit wetlik bindend te maak.

U DEELNAME

Kommentaar moet in die volgende formaat ingedien word:

- Noem die klousule waarop u kommentaar lewer (spesifieke nommer)
- Skryf u voorstel/kommentaar met betrekking tot die klousule
- Motiveer: vertel waarom u die voorstel/kommentaar gemaak het

U opmerkings en hoe om dit te stuur ...

Deelname deur die publiek:

Die publiek word uitgenooi om kommentaar/voorstelle oor die OVS Wetsontwerp in te dien.

Besoek die gepubliseerde OVS Wetsontwerp en Memorandum oor die doelstellings van die wetsontwerp by: **www.dsd.gov.za** of by Regeringskennisgewing No. 43528 Staatskoerant, 17 JULIE 2020

Stuur u voorlegging

Per pos: Die Direkteur-Generaal: Departement van Maatskaplike

Ontwikkeling, Privaatsak X901, Pretoria, 0001

Per e-pos: Me Siza Magangoe by **Sizam@dsd.gov.za**;

of Luyanda Mtshotshisa by **LuyandaMt@socdev.gov.za**,

of Me **Annas@dsd.gov.za**

Die sluitingsdatum vir voorleggings is 7 Oktober 2020

social development
Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDA National Development Agency

sassa SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

2030 NDP

STAY SAFE PROTECT SOUTH AFRICA
TOGETHER WE CAN BEAT THE CORONAVIRUS